

DIE WEG CHRISTELIKE GEMEENTE, NELSPRUIT

DIE MENSLIKE GEES

Prediker: Pastoor Johan Putter

Datum: 14 Februarie 2016

Plek: Nelspruit

DIE MENSLIKE GEES

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING 3

RAAMWERK 4

WAT IS DIE MENSLIKE GEES EN WAAR KOM DIT VANDAAN? 4

IS DAAR ‘N VERSKIL TUSSEN GOD SE GEES EN DIE MENSLIKE GEES? 5

WANNEER KRY ‘N BABA ‘N GEES? 5

WANNEER VERLAAT DIE MENSLIKE GEES DIE LIGGAAM? 5

EIENSKAPPE VAN DIE MENSLIKE GEES 5

GESKIEDENIS VAN DIE MENSLIKE GEES 8

GEESTELIKE GROEI 9

GEHEIM VAN GEESTELIKE GROEI 9

SAMEVATTING 10

DIE MENSLIKE GEES

INLEIDING

Die Ouderlinge van ons gemeente het ‘n week of wat gelede ‘n Bosberaad gehou om te besin of ons as gemeente nog besig is met wat God die Heilige Gees wil hê ons besig moet wees.

Ons dink dat ons gemeente oppad is om God drie-enig beter te leer ken. Met God se genade het die meeste gemeentelede ‘n goeie kognitiewe begrip van God drie-enig ontwikkel en baie is bevoorreg om ‘n ervaringsgetuienis van God te hê.

Baie gemeentelede het beleef dat God die Heilige Gees hulle as Sy instrumente begin gebruik. Dit het ‘n groot begeerte by gemeentelede geskep om God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees nog beter te leer ken en Hom nog beter te dien.

Dit het die Ouderlinge die volgende vraag laat vra: Hoe kan ons met die Heilige Gees saamwerk, om ons gemeentelede na ‘n dieper dimensie van kennis oor God, God se liefde, God se genade en God se krag, te lei?

Die een antwoord wat ek meen ons ontvang het is; leer gelowiges oor die menslike gees.

Na my mening, kan ons in Jesus en onder leiding van die Heilige Gees, tot baie meer dinge instaat wees as wat ons tans is. Omdat ons kennis oor die menslike gees gebrekkig is, weet ons nie wie ons regtig as nuwe skepsels in Jesus Christus, is nie.

Ons dink ons is hoenders en daarom dink ons dat ons net in staat is om te doen wat hoenders doen. Die gevolg is dat die Heilige Gees ons net kan gebruik om te doen wat hoenders doen. As ons weet wie ons regtig in Jesus is, kan die Heilige Gees ons tot ons volle potensiaal kan gebruik.

Een wyse om uit te vind wie ons in Jesus is, is om meer oor die menslike gees te wete te kom.

U moet asb een ding goed begryp. Die menslike gees is is ‘n misterie. Ek gaan vanoggend met u oor ‘n onderwerp praat wat ekself nie behoorlik verstaan nie.

U moet asb die Heilige Gees vra om u te help om te beoordeel wat ek vandag aan u gaan noem. Neem ook die vrymoedigheid om my reg te help waar u meen dat ek verkeerd is.

My hoop is dat vandag se preek, die begin van ‘n gemeente studie oor die menslike gees sal wees.

Wees gewaarsku, hierdie preek gaan dalk u dogma ernstig skud!

RAAMWERK

Ons gaan vandag die volgende bespreek;

- Wat is die menslike gees, waar kom dit vandaan en wat gebeur daarmee as die mens sterf?
- Wat is die eienskappe van die menslike gees?
- Wat is die geskiedenis van die menslike gees?
- Geestelike groei.

WAT IS DIE MENSLIKE GEES EN WAAR KOM DIT VANDAAN?

GENESIS 2:7 AMPLIFIED BIBLE (AMP)

"then the Lord God formed [that is, created the body of] man from the dust of the ground, and breathed into his nostrils the breath of life; and the man became a living being [an individual complete in body and spirit].

GENESIS 2:7 DARBY

"And Jehovah Elohim formed Man from dust of the ground, and breathed into his nostrils the breath of life; and Man became a living soul."

God het as deel van die proses om 'n menslike wese te maak, Sy asem in aardse materiaal geblaas. Toe God dit gedoen het, het Sy asem met die aardse materiaal oftewel 'n menslike liggaam gereageer en die mens het 'n lewende siel geword.

Water kan as voorbeeld van hierdie proses dien. Water bestaan uit twee elemente; waterstof en suurstof. As hierdie twee aparte elemente saamgevoeg is, word dit water. Toe God twee elemente naamlik Sy asem en aardse materiaal saamgevoeg het, het die siel of mens ontstaan.

Die woord asem, wat in Gen. 2 gebruik word, is in Hebreeus "neshamah" en in Grieks "pneuma"

Dit beteken *"strong wind, blast, inspiration"* Die algemene woord wat ons vandag gebruik is "gees"

As ons van die menslike gees praat, dan verwys ons na God se asem wat Hy in ons biologiese liggame geplaas het. Die menslike gees is iets onbeskryflik kosbaar. Dit is 'n stuk Goddelike energie in ons. Dit is hoekom die Bybel leer dat die mens na die beeld van God gemaak is.

IS DAAR 'N VERSKIL TUSSEN GOD SE GEES EN DIE MENSLIKE GEES?

As God Sy asem oftewel gees in ons geblaas het, dan ontstaan daar 'n vraag: Is daar dan 'n verskil tussen God se gees en die menslike gees?

"Three major differences exist between God's Spirit and our spirit. The first and most obvious is that God's is holy, and holy means "different." But as "holy" is used throughout the Bible, it becomes clear that its real application is not merely different, but "peculiar," "a cut above." So God's Spirit is transcendentally pure and infinitely good in all that it motivates and energizes. Is Satan's spirit that way? Is man's? Not at all. The second difference concerns the amount of knowledge that it is capable of transmitting and using, and for God's Spirit, it is virtually infinite. The third difference is that God, unlike man, is infinitely wise and mature, and therein lies His morality, His character, which He transmits through His Spirit. Thus, God's Spirit possesses three kinds of power: purity, knowledge, and character."

Hierdie is baie belangrik, want ons moet verstaan dat die feit dat my gees van God af kom, my nie soos God maak nie.

WANNEER KRY 'N BABA 'N GEES?

Ek dink by konsepsie. Wat ek verseker weet is dat klein babatjes reeds 'n gees het.
My een kleinkind is op 29 weke gebore en was vir weke in die hospitaal. Ons het baie vir haar gebid. Ek het by twee geleenthede 'n onbeskryflike ervaring gehad dat sy met haar gees na my luister as ek bid.

WANNEER VERLAAT DIE MENSLIKE GEES DIE LIGGAAM?

Na afsterwe keer die menslike gees terug na God. (Vir oordeel of belonings)
ECCLESIASTES 12:7 AMPLIFIED BIBLE (AMP)

"then the dust [out of which God made man's body] will return to the earth as it was, and the spirit will return to God who gave it. "

EIENSKAPPE VAN DIE MENSLIKE GEES

Om regtig te verstaan wat die menslike gees is, moet ons let op wat die eienskappe van die menslike gees is. Soos ek dit verstaan, het die menslike gees die volgende eienskappe:

- Die menslike gees het die vermoë om na wedergeboorte met God die Heilige Gees te kommunikeer. Wat is die mees algemene metode? Gebed. Hierdie waarheid plaas gebed in ‘n ander perspektief. Gebed is nie net iets wat ek gou aframmel nie. Gebed is ‘n baie ernstige saak en iets onbeskryflik kosbaar.

  God die Heilige Gees kommunikeer nie met jou siel of liggaam nie, maar met jou gees. Jou gees kommunikeer dan met jou siel en jy word bewus van wat God die Heilige Gees aan jou gekommunikeer het. Soos wat ons as gelowiges geestelik meer volwasse raak, kan ons tussen die kommunikasie van die Heilige Gees en die kommunikasie van ons eie gees, begin onderskei.

  Hierdie onderskeiding tussen die kommunikasie van die Heilige Gees en ons eie gees is baie belangrik en ek wil die volgende aan u noem vir verdere gesprek. Dit kom vir my voor of jou gees, sy <u>eie begeertes</u> aan jou siel kan kommunikeer, terwyl jy dan dink dat dit ‘n boodskap van die Heilige Gees is. Hier is die probleem. Jou gees kan eie begeertes hê wat nie noodwendig volgens God se wil is nie. Dit is ‘n baie ernstige probleem wat ernstige gevolge kan inhou want u moet die volgende mooi begryp: Indien u en ek uit ons menslike gees dinge doen of sê, het dit geestelike krag.

  Kom ek noem vir u ‘n paar voorbeelde:

  a. Ek is op ‘n kursus in Midrand en bly vir vier nagte in ‘n hotel. Ek het goeie diens ontvang en met my vertrek bid ek dat God Sy vrede daar laat. ‘n Gees praat toe duidelik met my en sê dat hulle nie my vredeswens daar soek nie. Die gees sou dit nie genoem het as daar nie geestelike krag in my vredeswens was nie. My fout was dat ek nie eers by God gehoor het, of ek dit moet doen nie.

  b. Ek bid dat God ‘n persoon se werk moet seën omdat die spesifieke persoon daar werk. Die persoon verloor toe sy werk. Toe ek met God daaroor praat, toe kom die antwoord op die volgende neer; Jou seëninge is nie vir die geeste wat die betrokke maatskappy beheer, aanvaarbaar nie. Hulle oplossing om van jou seëninge ontslae te raak, is om die persoon af te dank. Die probleem was dat ek nie eers vir God gevra het, of en hoe ek die maatskapppy moet seën nie.

c. Ek ervaar dinge in my gees en dink dat dit openbaringe van God is. Ek spreek dit uit maar dit gebeur nie so nie. Ek het werklik gedink dat dit openbaringe van God is en tree met God in gesprek hieroor. Die antwoord is weereens dat dit nie God se wil was nie maar my eie gees se begeertes.

Wat is die les? Indien ons vir ander mense bid, moet ons baie seker maak dat ons eers by God hoor waarvoor ons moet bid.

Die allerbelangrikste ding van alles is dus ‘n verhouding met God. Net so terloops, wat is die grootste gevare vir enige verhouding? Misbruik en ontrouheid. Passop dat ons nie in hierdie lokvalle loop wat ons verhouding met God betref nie.

Behalwe die vermoë om te kommunikeer, het die menslike gees ook die volgende eienskappe:

- Menslike gees is jou gewete oftewel jou morele kompas.
- Menslike gees is jou intuisie of sesde sintuig.
- Jy aanbid en bring lofprysing aan God met jou gees. (John 4:24 NIV*) “God is spirit, and his worshipers must worship in spirit and in truth.*" Hoe aanbid ek God met my gees? Vra God vergifnis wat jy verkeerd aangevang het, en vra in die geloof of jy Hom in die geestelike heiligdom kan ontmoet. Raak stil in die geloof. Jy sal dinge in die gees beleef wat jou verwonderd sal laat staan. As jy ‘n geestelike taal ontvang het, bid daarin. Indien u sing en dans, moenie dit net doen om die tyd verby te kry nie. Doen dit uit jou hart. Jy sal agterna verkwik en opgebou voel. Soms sal jy God se teenwoordigheid ervaar.
- Ek het ‘n teorie dat die Heilige Gees jou gees kan leer om jou liggaam van siekte en beserings kan herstel. Die teorie is op Proverbs 18:14 gebasseer. “*A man's spirit sustains him in sickness, but a crushed spirit who can bear.”* Ek doen dit. Is baie selde siek en as ek siek word, herstel ek gewoonlik oornag as ek dit sou doen, veral met siektes waarvoor ek al reeds gevra het my gees moet geleer word om dit te genees.
- Die menslike gees bring ‘n verstandelike vermoë soos wysheid, begrip, insig en kreatiewe vermoë.

  ‘n Bybelteks in hierdie verband is waar een van Job se vriende Elihu tydens die gesprek, die volgende gesê het.

Job 32:8

"But there is [a vital force] a spirit of intelligence in man, and the breath of the Almighty gives men understanding."

Ek het al talle kere vir God gevra om my verstand te verhelder en glo dat Hy dit al vir my gedoen het.

- Dit kom vir my voor of die menslike gees jou liggaam kan verlaat en na plekke toe gaan. Jy kan agterna bewus wees wat jou gees daar ervaar het. 'n Bybelse voorbeeld staan in 2 Konings 5:26

  2 KINGS 5:26 NIV

  But Elisha said to him, "*Was not my spirit with you when the man got down from his chariot to meet you?"*

- Ons kan sekerheid van saligheid verkry deur ons gees.

  ROMANS 8:16

  "*The Spirit himself bears witness with our spirit that we are children of God."*

- Ander geeste wat van mense besit kan neem, kan klaarblyklik die mense liggaam baie sterk maak. (Demonies besete man wat die sewe seuns van Skeva pak gegee het.) Kan dit wees dat 'n mens se eie gees ook hiertoe instaat is?

Reg, ons het nou 'n paar moontlike eienskappe van die menslike gees bespreek.

Dit is baie duidelik dat die mens 'n baie spesiale wese is. Kom ons kyk kortliks na die geskiedenis van die menslike gees.

GESKIEDENIS VAN DIE MENSLIKE GEES

Ek wil kortliks vier dinge aan u noem:

- Die doel van die sondeval was om die menslike gees skade te berokken, deur dit van God as lewe gewer af te sny.
- Satan se missie op aarde is oa. om:
  a. Die menslike gees te verhoed om te ontwikkel en geestelik te groei.
  b. Die menslike gees te beseer en te verwoes.
- Ons leer in Lukas 4:18 dat Jesus se missie op aarde was om:
  a. Die gebrokenis van gees te genees.
  b. Diegende wat in 'n geestelike tronk was, te bevry.
  c. Die siekes te genees.

- Jesus Christus het aarde toe gekom, Homself verneder en gesterf sodat die menslike gees weergebore kan word.
- Die Heilige Gees is op aarde uitgestort sodat ons menslike gees geleer en gelei kan word om weer God die Vader se wil te kan doen.

Wat sê dit alles vir ons? Die menslike gees is onbeskryflik kosbaar en waardevol.

Wat beteken dit? U my boetie en sussie is onbeskryflik kosbaar en waardevol!

U is nie ‘n hoender nie! U is ‘n kroon arend! U is tot baie meer in staat as wat u tans kan dink of droom! Ek wil een voorbeeld noem.

Een van die menslike eienskappe wat ons van God ontvang het is kreatiwiteit. U en ek het dit. Het u al gedink, wat is die grense van kreatiwiteit?

GEESTELIKE GROEI

Die volgende punt wat ons gaan bespreek is geestelike groei.
Geestelike groei begin by wedergeboorte nadat ons tot bekering gekom het. Die Bybel leer dat ons van geestelike babas na geestelike volwasse gelowiges kan groei. In wat behoort ons te groei? Ek dink daar is drie dinge:

1. Heiligheid oftewel reinheid.
2. Kennis van God.
3. Karakter.

As ons geestelik hierin groei dan bereik ons die doel van die Evangelie van Jesus Christus. Dit is om die karakter en beeld van Jesus in ons lewens te weerspieël.
Dan sal ons dieselfde dinge kan doen as wat Jesus op aarde gedoen het en nog meer.
Besef u vandag wie en wat u kan wees? God se droom vir u is baie groter as wat ons tans besef!

GEHEIM VAN GEESTELIKE GROEI

Wat is die geheim van geestelike groei oftewel wat is die mees belangrikste dinge wat geestelike groei fasiliteer

1. God se onverdiende guns wat Hy oor jou uitstort. Ons moet verstaan dat alles wat ons is en het, alles wat ons kan doen, die gevolg is van God se genade en liefde vir ons. Enige goeie daad wat ons kan verrig, is ‘n daad van dankbaarheid omdat Jesus ons eerste liefgehad het.

2. Dit is uit God se genade dat jy deel het aan die verlossing wat Jesus aan die kruis vir jou bewerkstellig het.
3. Dit is uit God se genade asook die krag en leiding van die Heilige Gees dat jy kan probeer voldoen aan die groot gebod naamlik Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart (gees) en siel en jou moet jou naaste so liefhê soos jouself.
4. Dit is uit God se genade asook die krag en leiding van die Heilige Gees dat jy kan deel met sonde in jou lewe en gehoorsaam wees aan God.
5. Dit is uit God se genade asook die krag en leiding van die Heilige Gees dat jy kan deelneem aan die geestelike dissiplines soos bybelstudie, gebed en vas.
6. Dit is uit God se genade asook die krag en leiding van die Heilige Gees dat jy geloof kan hê in God.

Dit is hierdie dinge wat jou gees sterk en volwasse maak. Dit is hierdie dinge wat jou in staat stel om goeie dade tot eer van Jesus en tot opbou van God se Koninkryk te verrig.

SAMEVATTING

Ter afsluiting net die volgende:

1. Elkeen van u het ‘n stukkie Goddelikheid in u, naamlik u gees. Dit maak u nie God nie, maar ons is baie spesiale wesens met ontsaglike potensiaal! Gaan dink ‘n bietjie oor die volgende vraag; Waartoe is ek tot alles in staat deur Jesus wat my die krag gee?
2. Gaan en gaan dien God in verhouding met die potensiaal wat daar in u is.
3. Gaan leef in Jesus en deur die krag van daie Heilige Gees ‘n besondere en unieke lewe waar u dinge doen wat tot in ewigheid weerklank vind!
4. Indien u hierdie dinge doen, gaan God nog ‘n groter werklikheid in u lewe word. U gaan Hom nog beter leer ken.

Mag u eendag voor God die Vader verskyn en Sy glimlag oor u sien!

AMEN